

Mei 2012

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Pretoria het deur die jare baie verander. Hier volg 'n paar persone se indrukke van die stad deur die eeue.

### 'n Voortrekkernooientjie betrag Pretoria in 1844

[Pre-01]

(Hierdie stuk het reeds in 'n vorige Pretoria Brief verskyn maar ek het dit goed gevind om dit weer hier te plaas. Dankie aan Marie Mosterd wat dit oorspronklik aan my gestuur het.)

Nee, reggenoeg, - daar was geen Pretoria om negentig jaar gelede te betrag nie; maar, wat daarmee gesê wil wees is slegs hoe Maria Bronkhorst die ongerepte, maagdelike veld aanskou het waarop die Vesting van die Noorde hier tien jaar later verrys het, nadat die mense van die Trekwaens daar aangekom het, om dit hulle tuiste te maak.

Maria Minnaar vertel verder: 'Ds. Lindley, 'n Amerikaanse sendeling wat ons predikant geword het toe ons eie kerk ons nie wou of nie kon help aan 'n predikant nie, het my aangeneem in Pietermaritzburg, in die Voortrekker kerkie; en ou Landdrost Hans Grobler van Potchefstroom, het my met Philip Karel Minnaar ('Swart Flip') in die huwelik bevestig.

Gewoonlik het die Voortrekkers, vóordat hulle bou, eers so 'n bietjie rondgekyk, want dikwels ontdek mens anders later 'n verkiesliker woonplek. Op die uitspanning het ons dus eers tent opgeslaan, en die manne het gesorg vir 'n skerm om die vuurmaakplek. Dit het meestentyd bestaan uit 'n ronde werskaf van pale of riet, met klei of gras daarteen, om die wind van die kookplek af te hou. Soms het die skerm ook 'n afdakkie ontvang, teen son en reën.

As ons dan 'n geskikte bouplek uitgesoek het, - en in die keuse daarvan het ons vroue, begrypelykerwyse heelwat te beduie gehad, - dan het die manne 'n eerste hartbeeshuisie gebou, wat die gedaante aangeneem het van 'n langwerpige vierkant in twee of drie vertrekke verdeel, waarvan soms al die mure ook van pale en klei, dikwels slegs van klei, onder gras dak, maar ook weleens van klip, as mens nie kans gesien het om gougenoeg 'n goeie huis te bou nie. Soms, al na die behoefte, het hulle daar 'n rondawel neergeset, wat dan later 'n buitehuis geword het. Na verloop van 'n jaar of meer, kom die eintlike woonhuis eers totstand, wat ook meestal 'n langwerpige vierkant was, met mure van klip of baksteen.

Tussen oom Lukas se staanplek en waar ons toe bou, het die Apiesrivier sterk, en op plekke vry diep geloop. Die bron was oop en omring van 'n wilde boskassie van varens en bome. Daspoort het toe aan my grootjie behoort, wat daar gewoon het tot die geseënde leeftyd van 95 jaar. Sy lê ook daar begrawe. Net soos Elandspoort en die omliggende plase, was ook Daspoort, toe ons ingetrek het, oordek met 'n verskeidenheid van hoë bome. Dit was destyds 'n boomryke lusoord langs die Apiesrivier, mooi van natuur en geseën met 'n lieflike klimaat

en baie water. Daspoort was so eenkant, dat ons daar slegs tepêrd gekom het. Maar die rivier en die bult links, in die omgewing waar Burgers park aangelê werd, was tegelyk ook 'n nedersetting die gereeld jaggemaak het op die ongedierte. Woensdae en Saterdag was dit leeujaag langs die rivier af, wat ruig bewas was met riet en geboomte, en goeie skuiling gebied het aan die ongedierte wat mens iedere nag kon hoor brul.

Die bulte en vlaktes na die ooste en weste toe was net so ruig begroei met soet- en kameeldoring en ander bome. Die jagpartye langs die Apiesrivier het selde afgeloop sonder dat daar van een tot vyf, en soms meer leeus en hyenas doodgemaak werd. Ons plaas het gelê op die regter oever van die rivier, en ingesluit 'n deel van die teenwoordige Sunnyside. Later het veldkornet Andries van der Walt teenoor ons op die linker wal van die rivier gaan woon, op grond wat hy weer aan President Pretorius verkoop het vir die dorp. Dit is heeltemal reg, dat die dorp genoem is na die President se vader, Generaal Andries Pretorius, hoewel die President hoofsaaklik verantwoordelik was vir die aanleg. Elandspoort het eintlik ook van eienaar verwissel, teneinde die dorpsgrond in die rigting uit te brei.

In dié dae was die middelste gedeelte van die stad, d.w.s. van ou Pretoria, oordek met bome wat ons 'bontveld' genoem het, klompies en groepe bome, met oopplekke tussenin, wat aan die geheel 'n parkagtige voorkome gegee het, waar die wagenbietjie en die wit buffelpeer bloesems in die somer die lug oorlaai het met heerlike geure.

Oral het brame ruig gerank, en die kinders het mandjiesvol daarvan versamel wat in die huis die plek ingeneem het van vrugte, vóórdat ons ons eie had. Die wilde appelliefies, die soet blou nastergal, die heerlike sandappeltjie, stamvrugte en die verloklike maar danig sure wilde pruim wat, as dit ryp is amper deurskynend word, het volop teen die rande gegroei. As die bobiane dit nie die eerste bykom nie, het die kinders ook grote hoeveelhede versamel van die meelagtige mispel, en die wilde rank appelkoos. Ek was in Natal en in die Lydenburgse berge gewees, maar nêrens het ek so 'n rykdom van wilde vrugte gesien as hier. Die rivier het sy naam gekry, natuurlik, van die duisende bloupies wat daar in die geboomte langs die rivier gehou het, - ratse diertjies, wat daar langs die toppe van die bome rondgeklouter het langs die rivier, van Daspoort tot in die Fonteine vallei, en grondtoe gekom het slegs op die stilste en veiligste plekke.

Die rande en berge in die nabyheid het troppe bobiane gehuisves, wie se skorre geskreeu mens heeldag kon hoor as hulle verstoer werd, of saans na mekaar roep. Dikwels was daar 'n hele lawaai in die berge agter ons huis, 'n geskreeu en 'n gebabbel dat dit 'n aard was, en dan wis ons dat die bobiane op 'n slang of ander gedierte afgekom het, wat hulle tog só verfoei het. Soos te begrype is, het die lewe hier in die vallei en langs die rivier veral ook sy gevare geken. Mens moes maar heeldag op jou hoede wees daarteen, want die ganse dag en nag het dit aan alkante gedreig. Ons manne moes voortdurend oppas teen 'n menigte natuurlike sowel as menselike vyande. Hulle moes ook in

voortdurende voeling bly met mekaar, sodat een die ander kon bystaan in oomblikke van gevaar.

Spoedig nadat ons huis gereed was, het my man daar 'n degelike bakoond bygebou, sodat ek met betreklike gemak ons eie brood kon bak. Ons het ons eie melkkoeie besit, en dit het nie lank geneem nie voordat ek al die botter gemaak het wat ons vir die huis nodig had, sodat ons ander ook nog kon help, want my man het vir my 'n baie doelmatige karn van boekenhout gemaak. Ons het hier gekom met omtrent 'n halfdosyn pêrde, maar in die somer het verskeie daarvan aan die pêrdesiekte gekrepeer vóordat ons ons rypêrde op stal kon hou, en ry net waar ons wou wees. Ek het my eie sysaal gehad, en kon goed pêrdry; en burebesoek was ons vernaamste ontspanning. Iedereen het daar behae in geskep. Dikwels denk ek dat ons beter bure vir mekaar was, en dat daar ook meer opregte liefde tot mekaar bestaan het; maar dan verseker die kinders my dat ou-mense maar áltoos so denk! In ieder geval het daar geen onverdraagsaamheid bestaan nie; en ons ouers het gemeen dat mens 'n goeie Kristen kon wees sonder om op te hou om gelukkig te wees, sodat ons deelgeneem het aan al die klein maatskaplike plesiertjies wat die lewe gebied het, vrolike samekomste onder mekaar met sang en dans en vioolbegeleiding, want dit was 'n instrument wat verskeie manne goed kon bespeel.'

En so het die Fourie Trek, net vóór die somer van 1848, 'n aantal mense op die wal van [die] Apiesrivier afgelaai, wat gekom het om hier te woon, en naderhand die kerkplaas gevorm het wat die kerk gebring het en daarna ook die smous en die dorp, om in die volheid van die tyd uit te bloei in die vername stad van vandag. Bowestaande beskrywing van die allereerste begin daarvan, is ook die eerste aan skrywer bekende woordbeeld van die plek en die mense wat dit gemaak het. Hulle was nie haastig om die klein gemeenskap 'n naam te gee nie, en het eers 'n paar name geprobeer, eer hulle 'n twaalfstal jare later die naam van Pretoria aangeneem het. In die begin was dit 'n paar boereplasies, wat uitgegroeï het tot kerkplaas, waar af en toe ds. Van der Hoff van Potchefstroom dienste gehou, kinders gedoop en die Nagmaal bedien het. Hierdie dienste het hulle meestal onder bokseile gehou, maar, as die weer mooi is ook wel onder die bome. Oral vandaan uit die omgewing het die mense dan in waens hierheen gekom, en hulle tente onder die doringbome opgeslaan; en die smous het sy verskyning gemaak, want hulle was net so goed op hoogte van so 'n kerkgeleentheid as enige gemeentelid, en het daar hulle besigheid vergeseld laat gaan van 'n sekere mate van vroomheid.

Op hierdie stadium het die plek bekend geword as Pretoriusdorp, want veral die Pretoriusse het hulle daarvoor ingespan, en die dorp is aangelê ter ere van 'n groot Pretorius. Die drie broers van generaal Pretorius het hulle plaas aan die Krokodilrivier die naam gegee van Broederstroom, en dit het ds. Van der Hoff die naam van 'Pretoria Philladelphia' (Pretorius broederskap) in die gedagte gegee. Maar dit was asof die mense van die plek hulle die grotere bestemming van hul dorp bewus was, terwyl hulle later die mooie naam Pretoria daarvoor gekies het.



Skildery van Pretoria in 1856 deur Marianne Churchill [suster van Joseph]. Sy was nooit self in Pretoria nie maar het 'n kopie van 'n bestaande skildery gemaak.

Joseph Churchill [1856]

[Chi-01 p75; p83]

**13 September 1856.** Stayed at Pretoria in the house of one of our Traders, waiting until he was ready to go into the interior. At present the Church is but half built and there are only two or three houses, but as it stands in about the middle of the "Transvaal Republic" I think it likely to become a good Trading Station. All wagons from the Interior must come through it or close by it. Whilst waiting here, rode out to many of the neighbouring farms and was much pleased with the signs of industry and desire for improvement manifested. On the open "High Veldt" they are beginning with Wool Sheep as the lung-sickness among the cattle has quite stopped the trade. On the north of the Magaliesberg Range, they are trying Coffee, the seed of which Gen. Pretorius got through us and has distributed largely where he thought it would succeed. It will require three years to fairly test it.

**11 October 1856.** PRETORIA. The new Dorp in the middle of the Transvaal District. We arrived back here on the 7<sup>th</sup> inst. and found the Church nearly finished. During our absence, also one other house built.

Jeppe, Friedrich Heinrich: Die Transvaalse oder Sud-Afrikaansche Republiek [1868]

[Pr-93 p21] (Die volgende is Jeppe se teks uit Duits vertaal.)

Pretoria is genoem na die huidige president van die Republiek, M.W. Pretorius, en is tans die regeringstelsel, geleë aan die Apiesrivier, 18 uur (te perd) ten noordoos van Potchefstroom. Die dorp tel 300 bouerwe, 80 huise en 300 inwoners. Dit het 'n goewermentskool, twee Hollandse kerkgeboue, vyf winkels, 'n hotel en 'n drukkery wat nou die regeringsblad, die "Staats Courant", uitgee. Die Volksraad hou hier elke jaar sy sittings en die registrasie-, ouditeurs- en skatkiskantore asook die regeringskantore is hier gevestig.



Barnes, L.H. [1872]

[Pr 16 p34]

Pretoria was a charming rural village in 1872 with two or three hundred white inhabitants, many of whom had come up from the Cape Colony. Most of the houses were of the bungalow type with thatched roofs and each had its lovely garden – as they still have. The water used for all purposes ran down open furrows on either side of the streets in which grass grew during the stormy season which lasted the whole of the nine months of summer. The streets became veritable water courses as well as furrows, and for hours people were unable to cross dry shod; some waded through bare footed. There were, of course, no lights in the streets, and the houses were lit with candles for the most part made of tallow; a few of the so-called richer people had oil lamps. Buildings were somewhat primitive – the churches, English and Dutch were built of brick, some unburnt, the latter in the centre of Church Square, the former at the west end of Church Street west.



Pretoria in 1872 deur Thomas Baines

Wat men van ons zegt

[De Volksstem, 18 Julie 1874]

'n Reisiger na die goudvelde het die volgende oor Pretoria te sê:

Pretoria is eene kleine stad, met heel weinig substantieële gebouwen en eene kleine bevolking. In Uiterlijk aanzien kan het in geenen deele van Potchefstroom worden vergeleken, doch er zijn onmiskenbare teekenen van een gezonden vooruitgang. De bevolking is grootendeels Engelsch en die Hollandsche taal word zelden gehoord. Het leven in Pretoria is bij uitnemendheid gezellig en er zijn meer goed opgevoede en verfijnde lieden in deze dan in elke andere stad van dezelfde grootte. Pretoria geniet de gezellige bekoorlijkheden eener club, war men echten luim en vrolijkheid aantreft.



Pretoria in 1873 deur William Edward Oates

Memoirs and Reminiscences – Sir John Kotze [1877]

[Kot-02 p403 – 410]

About 12:30 p.m., on Saturday 28<sup>th</sup> April, as we emerged through the opening, known as the Poort, between the hills to the south of Pretoria, the driver blew his bugle to notify our Approach. We crossed the main furrow with a beautifully clear stream of water running in it for the use of the town. On our way down Market Street, before reaching the Church Square, we passed on the left a comfortable house with a roof and veranda of thatch, and grounds enclosed by a high fence of cluster roses, planted out as an orchard, chiefly of oranges and other citrus trees in full bearing. The peaceful repose of this property appealed to me, and I there and then resolved that, if possible, it should be my future home. [Dit het behoort aan landdros William Skinner en toe hy later na Skinner's Court verhuis het, het Kotze daar ingetrek.]

Having delivered the mails at a very primitive-looking post office, our coach crossed the square and drew up at the Masonic hotel, next door to which was the "Edenburg," where the only available rooms were outside the main building, the latter being occupied by the proprietor and his family. It was certainly not a very inviting place, but none other was available.

The next morning I felt inclined for a good walk after having been cooped up in the mail coach for nearly four days, and took 'n quiet turn up Market Street to the top of the hill above the present railway station. Here a good view was to be had of Pretoria, which was in fact no more than a village ("dorp"), consisting of only about eighty houses, most of them under thatched roofs, and of the essential native location

bordering on the Apies River, in the direction of Daspoort. This river, at that time, formed the boundary of the little capital on the east and north. Immediately below the hill on the south-east side lay an inviting spot, covered with trees and bush, and evidently occupied as a farm, for some of the vegetation had been cleared, and a homestead with arable land near it nestled snugly under shelter of the neighbouring hill. This place was known as "The Fountains," for there were some strong springs on it, the source of the river just mentioned, and of the town's water supply.

To the west and north-west lay the Magaliesberg, a range of mountains dividing the country to the north and south into two different zones of climate and vegetation. These mountains presented a beautiful appearance in their azure hue, reminding us of "The Blue Alsatian Mountains." The whole scene formed indeed a fine picture on that clear and still Sunday morning in April 1877. I returned from the hill with the conviction that Pretoria would make me a pleasant home, and so it proved to be.

Life in Pretoria was simple and natural, and settling down among our new surroundings did not take long. The erven of building sites were fairly large, and most of the homes were surrounded by a thick fence of pink briar or cluster rose, which marked off the outside boundary of each plot. Many houses had a garden well stocked with either fruit, flowers or vegetables, and some also boasted a croquet lawn, which was much patronized by the fair sex. The climate in those days was all that could be desired, and superior to that of the Cape. There were of course the necessary thunderstorms, accompanied at times by hail; and the welcome rain kept everything green and bright.

The lightning was very vivid; and, as the storm passed over Pretoria, it was a frequent occurrence for a person or animal out in the open to be struck and killed, or for a house to be damaged. As, however, the town grew in size by the erection of numerous buildings, some of them two and three stories high, the thunderstorms seemed to pass over it with less severity and loss of life.

There were no lights at night in the streets of Pretoria, and as the town was intersected by water furrows, branching off from the main furrow, going about after dark was a risky experiment for a pedestrian, unless he carefully studied the geography of these furrows when passing along the streets in the daytime and noted the places where he could cross them with safety. These furrows, while not deep, were broad in parts, particularly where they ran through cross-streets, when they contained mud as well. The only way for the pedestrian to get along dryshod was to be provided with a lantern or box of matches.

**1880 tot 1900 vervolg volgende maand.**

---

### Die volgende van Anton Jansen

Pierre Edwards se verhaal oor sy twee broers se kaskenades in die Walkerspruit laat my terug dink aan begin jare 1950's toe ons die Walkerspruit as kortpad Affies toe gekies het. Ek en ouboet Jan het van Pretoria-Wes gekom, Theo (die latere musiekprofessor Boekkooi aan P.E. Universiteit) vanaf Capitalpark en nog 'n paar vriende het mekaar elke oggend by die samevloeiing van Walkerspruit en Apiesrivier ontmoet en dan AHS toe gery.

As ons laat is dan het ons deur die spruit gefiets en onder die brug by Jorissenstraat gewag totdat 'saalopening' verby is en na ons klaskamers gesluip. Ons het nooit die voorblad van die Pretoria News gehaal nie, wel die rottang in Dr Potgieter (Ou Foon) se kantoor.

Ook het ons nie beskermengele gehad nie, een verkeerde beweging en jy gly met fiets en klere in die slymagtige loop van die die spruit. En hoe verduidelik 'n mens dit aan jou onderwyser of jou ouers?

Mag die dag nog eendag aanbreek dat die betonmonster uit die spruit en uit Apiesrivier verwyder word en grasbedekte oewers met hier en daar 'n damwal Pretoria versier. En wie ry nou nog fiets, 'slip' saalopening en ontvang 'n rottangloesing? Daarom, die beton kan maar waai.

Groete

Anton Jansen

---

### Navraag

Koos Botha wil weet of iemand kan help met die geskiedenis van Michael Brinkstraat?

---

Groete tot volgende maand,  
Rosa Swanepoel.